Detail van "Save and Submit" ("Stoor & Versend) Navrae

Geagte Lid,

Aflaai, Invul en Versending van Vorms

Die Federasie het 'n moderne setels van vorms geïmplementeer en dit is in almal se belang om te leer hoe om die stelsel te gebruik. Lees asseblief die volledige instruksies op die internet.

Neem veral kennis van die volgende:

Aflaai van Vorm

1. Die vorm moet eerstens afgelaai en op u rekenaar gestoor word ***voor*** begin word om dit in te vul.
2. Moet nie probeer om die vorm in die voorskou (preview) funksie van u internet program (Browser soos Google Chrome, Firefox, Internet Explorer ens.) in te vul nie. **Die funksies in die vorm sal nie werk nie.**
3. Die gratis program *Adobe Acrobat Reader* ***moet*** gebruik word om die vorm in te vul. Geen ander program behalwe *Adobe Acrobat Pro* sal werk nie. As u nie die program op u stelsel het nie, kan dit vanaf die "Forms" gedeelte van die Federasie se webwerf afgelaai word.

Versending van die ingevulde vorm

4. Elke vorm het 'n "Save & Submit" knoppie.
5. Die "**Save**" gedeelte is op u rekenaar en die gebruiker moet self besluit waar en onder watter naam die vorm gestoor word. Dit moet eers gebeur ***voor*** die epos gedeelte geaktiveer word.
6. Die "**Submit**" gedeelte gebeur deur u Outlook of watter epos kliënt u ook al gebruik. Soms neem dit 'n bietjie tyd om te laai as die epos kliënt nie reeds gelaai is nie. Die spoed van die rekenaar het ook 'n invloed.
7. Die proses hier is dieselfde as wanneer enige ander epos gestuur word. Die gebruiker moet self die "Send" knoppie op die epos kliënt klik.

Kontak asb die admin by web@gsdfederation.co.za as daar nog probleme is.

Groete, Webmeester